HUISGENOOT
26 Jun 2014, p.52



JOU GELD-SAKE



# EKSEKUTEURS EN BOEDELS

Deur **LETITIA WATSON**
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake@huisgenoot.com. E-posse sal sover moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

Hoe kan jy die beste resultate kry van die eksekuteur van jou testament?

## WEET WAT DIT VERG

### KIES GOED

Oorweeg jy dit om 'n vriend of familielid as eksekuteur van jou testament aan te stel? Boedelbereddering lyk dalk maklik, maar die eksekuteur moet kundig wees oor die regte prosedures en dit nougeset volg. As hy nie die Boedelwet en belastingregulasies ken nie, kan dit die afhandeling van die boedel vertraag. Iemand met gebrekkige regskennis kan die testament verkeerd vertolk en aan die verkeerde mense voorskotte uit die boedel gee, waarsku Angelique Visser, voorsitter van die Fidusière Instituut van Suid-Afrika (Fisa).

### JY'S DIE EKSEKUTEUR

As jy nie ervaring van boedels het nie, mag die meester van die hooggeregshof weier om jou aanstelling te bekragtig, tensy jy deur 'n kundige (agent) bygestaan word. Die eksekuteur kan met die kundige onderhandel oor betaling vir die boedelbereddering, gewoonlik minder as die gewone eksekuteurstarief. Gewoonlik sal 'n familielid wat as eksekuteur aangestel is, nie daarvoor vergoed word nie; net die agent. Al gebruik jy 'n agent, het jy steeds die magte van die benoemde eksekuteur.

## DINK SLIM OOR JOU DOOD

### PROBLEME KAN VOORKOM WORD

Gades of familielede wat as eksekuteur benoem word, rou dikwels nog; daarom kan hul emosies hul finansiële besluite vertroebel. Een oplossing is om 'n professionele eksekuteur aan te stel en die tarief in jou testament te bepaal. Jy kan 'n mede-eksekuteur aanstel. Kundiges is trustmaatskappye en prokureurs wat in boedels spesialiseer. As eksekuteurs help met die opstel van testamente, kan probleme opgelos word terwyl die testateur nog lewe.

### HOE WERK DIE BETALING?

As testateur kan jy 'n eksekuteurstarief in jou testament vasstel, mits jy en die eksekuteur daaroor saamstem. So nie bepaal die Boedelwet dit. Daarvolgens mag die eksekuteur 3,5 persent hef op die bruto boedelwaarde soos op die sterfdatum (uitgesluit bates soos pensioengeld en begunstigdepolisse), plus 14 persent as hy vir BTW geregistreer is, en nog 6 persent op alle bruto inkomste gevorder tussen die sterfdatum en die boedelafhandeling.

> *'In sake moet jy deesdae nie bang wees vir die skelms nie, maar vir die eerlike mens wat nie weet wat hy doen nie'*
>
> – WILLIAM WORDSWORTH, DIGTER

## VYF VRAE OOR EKSEKUTEURSKAP

1 **Is die eksekuteur op die hoogte met wetgewing oor boedels en belasting?** Afsterwe het baie belastingimplikasies en die eksekuteur moet die uitwerking op die boedel en die erfgename verstaan.


2 **Kan die eksekuteur die familie doeltreffend hanteer?** Dit kan baie spanning veroorsaak as die eksekuteur besluite neem waarmee die erfgename verskil. Die eksekuteur moet kan kophou midde-in familievetes.

3 **Wie sal die meester nie as eksekuteur aanstel nie?** Minderjariges; iemand sonder handelingsbevoegtheid; 'n ongerehabiliteerde insolvent; iemand in die buiteland; iemand of 'n instansie wat nie aan die regulasies en wetgewing voldoen nie.

4 **As ek 'n kundige aanstel, het ek nog eksekuteurspligte?** Ja. Jy bly aanspreeklik. As die agent die boedel nie reg beredder en betyds afhandel nie, gaan die meester teen jou as eksekuteur optree.

5 **Watter boedels benodig nie 'n professionele eksekuteur nie?** Ingevolge die Boedelwet vereis solvente boedels met 'n waarde van minder as R125 000 nie 'n professionele eksekuteur nie. Die meester stel dan net 'n gevolmagtigde aan.

## 70% VAN BOEDELS IS PROBLEMATIES




Verlede jaar is 162 251 boedels by die meester se kantoor geregistreer. Meer as 70 persent van die oorledenes het nie 'n testament gehad nie of hul testament was ongeldig. Dit bemoeilik en vertraag boedelbereddering.

BRON: ANGELIQUE VISSER, VOORSITTER VAN FISA EN 'N DIREKTEUR VAN BARAZA WEALTH

**WENK** Die meester van die hooggeregshof kan dispute oor die tariewe van eksekuteurs help oplos.

### KRY HIER NOG HULP

- Raadpleeg professionele kundiges oor testamente en boedels by Fisa: www.fidsa.org.za.
- Meester van die hooggeregshof (www.justice.gov.za).